**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 314/2008

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**TSHEDISO PHOLELI**

---

**CORAM:** CILLIé, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 12 FEBRUARIE 2009

---

[1] Die beskuldigde is op grond van sy pleit van skuldig daaraan skuldig bevind dat hy handel gedryf het in dagga ter oortreding van die bepalings van artikel 5(b) van Wet No. 140 van 1992. Hy is gevolglik gevonnis tot 'n boete van R3 000.00 of agtien maande gevangenisstraf by wanbetaling van daardie boete, asook 'n verdere twaalf maande gevangenisstraf wat in geheel voorwaardelik opgeskort is.

[2] Die voormelde vonnis is ingevolge die bepalings van artikel 302 van die Strafproseswet, No. 51 van 1977 onderworpe

aan outomatiese hersiening. Die oorkonde van die verrigtinge wat vir doeleindes hiervan na hierdie Hof gestuur is, is egter onvolledig, daar die gehele ondervraging ingevolge van artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet sowel as die skuldigbevinding ontbreek. Dit blyk dan ook nou dat dit nie moontlik is om die vermiste gedeelte van die oorkonde te rekonstrueer nie.

[3] Die beskuldigde is geregtig op die voordeel van hersiening van die verrigtinge ten einde te bepaal of dit ooreenkomstig die reg is. Omdat ‘n wesenlike gedeelte van die oorkonde ontbreek en nie reggestel kan word nie, is dit in die onderhawige geval nie moontlik om so te doen nie. Hieraan het die beskuldigde geen skuld nie. In so ‘n geval moet die skuldigbevinding en vonnis myns insiens ter syde gestel word.

[4] Gevolglik word die skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C. B. CILLIé, R**

/em